NG Kerk Randburg

Kronieke – Okt 2018

Randburg 'n suksesvolle gemeente?

Gesprekke oor wat die kerk alles moet doen en hoe dit moet wees vind op talle platforms in die kerk en die openbare media plaas. Verskillende verwagtinge word gestel en maatstawwe word aangebied waaraan die kerk getoets kan word. Daar kan talle redes wees waarom die vraag na sukses aan die kerk gevra word – want as dit nie suksesvol is nie verval die rede vir bestaan. Die presterende en kompeterende samelewing het nie tyd of plek vir goed wat nie werk nie.

Die onlangse vergadering van die Sinode Hoëveld het natuurlik die saak ook op die tafel geplaas en van verskillende kante daarna gekyk. Ontstellende statistieke oor lidmaat-getalle en finansiële posisies is aangebied. 'n Omvattende strategiese groeiplan wat talle bestaande probleme aanspreek is aanvaar. En dit is ook goed so!

Mense skuif deesdae maklik tussen kerke rond – opsoek na 'n beter kerk. Beter preke en musiek ... beter dominees en vriendeliker mense ... minder skuld en mooier geboue - want dit gaan oor ons wat tevrede moet wees met ons kerk. **Maar waarom is mense tevrede met Randburg**? Waarom dink die meeste lidmate Randburg is 'n goeie – oftewel suksesvolle gemeente? Of waarom nie? Wat moet ons beter doen? Mag ons bewaar word van verkeerde maatstawwe en selfsugtige verwagtinge – wanneer ons eie gemeente in die gemeenskap getoets of met ander vergelyk word.

Die Bybelse antwoord op die sukses-vraag is egter dieper! Stephan Joubert se besielende maar ook self-ondersoekende boodskap het die antwoord gedra ... **'n suksesvolle kerk is vol diens en liefde** – soos Jesus kom doen het en bly vra. Sukses lê nie in krone en trone wat vir die kerk aangebied word nie ... Markus 8 – 10 se gesprekke vertel van dienskneg wees ... van kind word ... van slaaf wees. Ruil mag vir diens ... ruil die soeke na erkenning en waardering vir opoffering en gehoorsaamheid. Trek die toga uit en die voorskoot aan.

Die ware toets vir sukses bly Jesus se droom vir die kerk ... 'n gemeenskap van diens en liefde wat Hom vir mekaar en die wêreld waarin ons leef al meer sigbaar maak. 'n Gemeente vol lidmate wat Jesus elke dag groter in hulle lewens laat word skep "sukses" vir God ... 'n vreemde omruiling vind plaas ... die wat die kleinste en minste in hulleself word is nou die "eerstes"- die sukses-mense. Jesus-bewonderaars word Jesus-volgelinge wat verlos is van 'n godsdiens-spyskaart vol vrywillige keuses om kerk te skep wat pas by eie behoeftes. Kruisdraers is plek-ruilers ... hulle vat Jesus se plek omdat Hy ons verlos het van self-verslawing ... so word Randburg ook God se suksesvolle kerk!

Markus 10 : 44,45 bly ons ideaal ... *Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."*

www.facebook.com/ngkerkrandburg
skep 'n unieke gemeenskap van lidmate wat met mekaar verbind is. Sluit nou aan!

www.ngrandburg.org is ons nuwe webblad vol noodsaaklike inligting en weeklikse groeistukke vir almal!

4 Nov	Nagmaal Dankbaarheidsfees
11 Nov	Kategese sluit
18 Nov	Kerssangdiens 19:00
25 Des	Kersfeesdiens - 08:00
31 Des	Jaareinde-diens 19:00

Dieper, nader en verder vir elke lidmaat in 2019

Die uitdagings en ideale van die strategiese gesprek vir die gemeente se 2020 bestaan sal in 2019 aandag bly kry. Dit sluit aan y die gemeente se 3 bewegings van groei, sorg en dien ... of anders gestel ... elke lidmaat word geroep om dieper te groei, nader te behoort en verder te dien.

Randburg sal DV op 6 Oktober 2109 75 jaar van bestaan kan vier – nie as 'n kwynende en verswakkende gemeente nie maar eerder as 'n lewenskragtige gemeenskap van gelowiges. Dit hang natuurlik van elke lidmaat af maar die leierskap van die gemeente bly verbind tot 'n gedurige versterking van hierdie belangrike gemeente-bewegings. Dit vra ...

Om dieper te groei ... deur eredienste wat met omsigtigheid die stadsmens van die 21ste eeu sal laat tuis voel ... deur spesifieke groeidae en weke vir verskillende behoefte-groepe ... deur nuwe aandag aan die begeleiding van gesinne as plek van geloofsvorming te gee ... deur elke lidmaat 'n getroue Jesus-mens te laat wees in al die uitdagings van die wêreld waarin ons leef.

Om nader te behoort ... deur met nuwe sorg-groepe lidmate oor die wyd-verspreide gebied te versorg ... deur omgeegroepe te versterk en te vermeerder ... deur mure van onkunde en vreemdheid tussen lidmate met 'n gees van gasvryheid af te breek ... deur die omgee-gees in die gemeente 'n voorkeur manier van leef vir almal te maak.

Om verder te dien ... deur na ons naby gemeenskap met nuwe oë te kyk en nuwe ore te luister om gehoorsaam God se getuies te wees ... deur mekaar te bly uitdaag om waar ons woon en werk Jesus-mense te wees ... deur bande te versterk met ander geloofsgemeenskappe in Randburg ... deur elke dag iewers net in een mens se lewe 'n verskil te maak.

Natuurlik skep hierdie proses **groot uitdagings** ... ons jonger lidmate moet verantwoordelikheid vir die gemeentelike leierskap begin aanvaar ... nuwe lidmate sal op 'n meer effektiewe manier ingeskakel moet word en die gemeente se identiteit binne 'n veranderende kerk-omgewing sal versterk moet word ... om maar enkele sake te noem.

Randburg het alles om van 2019 'n besondere feesjaar te maak ... elke lidmaat het 'n plek en roeping om deel daarvan te wees. Mag ons lewe dan *dieper, nader en verder* wees ... sterk en lewenskragtig op 75!

Dinkvraag: Waarom sal jy iemand aanmoedig om Randburg toe te kom?

Huisgeloof

Die huis is belangriker as die kategese vir die vorming van kinders se geloof. Dit is geen nuwe ontdekking nie maar eerder 'n verskriklike belangrike erkenning! Ouers bring kinders kerk om die geloof wat in die huis leef te vier en verder te laat ontwikkel en verstrek deur die kategese.

Huisgeloof verwys na gesinne (mense wat saam in 'n huis woon) wat saam hulle geloof uitleef en beoefen. Dit kan vergelyk word met 'n tafel se 4 pote het: kennis, verhoudings, aksie en aanbidding.

Dit beteken geloof word nie net deur **kennis** in die huis gevorm nie, want dan sal die tafel bly wankel. **Goeie verhoudings** met mekaar, om **geloof prakties** uit te leef (aksie) en **geloofsbelewenisse** te ervaar (aanbidding) vorm alles saam 'n eenheid om die tafel sterk te laat staan.

Elke gesin – hoe dit ook al saamgestel is – is in Randburg baie kosbaar. 'n Nuwe fokus kom in 2019 op hande vat met ouers om hierdie ene van ons gemeente se kernwaardes te maak. Een geslag wat in die geloof val kan tot 3 geslagte neem om te herstel!! Geen familie kan dit bekostig nie.